2**5 Oktober** **Skrifgedeelte: Lukas 22:31-34**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 26**

## Die invloed van ons Middelaar

Wat is nou eintlik die verskil tussen Petrus en Judas? Altwee het eiebelang eerste gestel. Altwee wil Jesus, die Verlosser, nie ken nie. Altwee sondig. Altwee kry spyt. Judas probeer selfs om reg te maak wat hy verbrou het deur die omkoopgeld te gaan teruggee en Jesus “onskuldig” te verklaar (Matt 27:3-4). Tog gaan Judas vir ewig verlore, terwyl Petrus ’n sleutelfiguur in God se kerk word.

Die verskil is die invloed van ons Middelaar, Jesus Christus. Hy doen voorbidding vir Petrus (vers 32). Al wil Petrus op ’n stadium niks met Jesus te doen hê nie, Jesus wil alles met hom te doen hê. Al gaan Petrus dus deur die dieptes, deur die pynlike skommelinge van Satan se sif, hy mag sy geloof behou. Hy mag, na ’n oomblik se twyfel, tot inkeer kom en steeds Jesus as enigste Verlosser omhels. Judas doen dit nie. Al het hy spyt gaan hy nie na Jesus terug nie. Hy wil by die priester- en familiehoofde regmaak, maar nie by Jesus nie. Uiteindelik kies hy die leegte van selfmoord, bo Jesus Christus!

Hoekom moes Petrus in die sif beland? Hy moes nadat hy tot inkeer gekom het sy medegelowiges gaan versterk (vers 32). Dit doen hy vandag nog, wanneer sy geskiedenis jou herinner aan watter soort Middelaar jy het – een met onberekenbare invloed. Hy gee jou nie prys nie, NOOIT nie. Hy bid vir jou!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*